

Koringfokus

VOL 40-5

SEPTEMBER • OKTOBER 2022

Wheat focus

**Kuier en leer
by Nampo
Kaap**

KALIBREER SPUITE

Nuwe reeks oor waterkwaliteit



uppe marketing_A32543

BETER VENNOOTSKAPPE. BETER PRESTASIE

Is jy op soek na 'n maatskappy wat jou boerderybehoefte verstaan? Wat jou visie van beter opbrengste en optimale prestasie deel? **AECI Plant Health het die antwoorde.**

Met 'n wye reeks volhoubare oplossings wat die natuur se potensiaal ontsluit, tesame met sterk tegniese ondersteuning, help **AECI** jou om jou gewasprestasie te verbeter. As een van die grootste verspreiders van landbouchemiese produkte in Suid-Afrika met 'n netwerk van meer as 185 gewasadviseurs, is ons die perfekte vennoot op jou plaas.

ONE AECI – VIR 'N BETER WÊRELD.

Kontak vandag nog jou gewasadviseur.

good chemistry

T: +27 11 823 8000

E: planthealth@aeciworld

W: www.aeciph.com

AECI[®]
PLANT HEALTH



Koringfokus

Wheat focus

VOL 40-5

SEPTEMBER • OKTOBER 2022

REEDS 40 JAAR DIE ONAFHANKLIKE SPESIALIS-TYDSKRIF VIR DIE KLEINGRAANBEDRYF

THE INDEPENDENT SPECIALIST MAGAZINE FOR
THE SMALL GRAIN INDUSTRY FOR THE PAST 40 YEARS

VOORBLAD

Die hoop beskaam nie vir reën en landboutoe-stande wat bogemiddelde oeste kan help mee-bring nie. Besoekers aan Nampo Kaap 2022 kan uitsien na tonele soos hierdie.

Koringfokus / Wheat Focus

verskyn ses keer per jaar en word in samewerking met die koringbedryf saamgestel, wat insluit: LNR-Kleingraan; SA Graaninligtingsdiens & SA Graanlaboratorium.

Gratis beskikbaar aan
bona fide-kleingraanprodusente



MEDIAKOM

Uitgewer en eienaar

Adres vir redaksionele kopie, advertensies en intekenare:

Mediakom
Posbus 20250
Noordbrug
2552

Tel: 018 293 0622

E-pos: info@mediakom.co.za
www.mediakomcc.co.za

REDAKTEUR: Willie Louw
ADVERTENSIES: Jana Greenall
011 476 3702 / 082 780 9914
UITLEG: Mercia Venter
- studio.chatnoir@gmail.com

KOPIEREG EN STANDPUNTE

© Kopiereg / Copyright: Ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg Nr 98 van 1978 en enige wysigings word alle regte voorbehou. Standpunte en aansprake in advertensies en artikels word nie noodwendig deur Mediakom Bk en enige medewerkers / deelnemende instansies onderskryf nie. Regstellings word net oorweeg indien 'n tipografiese fout die bemerkingswaarde van 'n advertensie/promosie verminder.

AGRI-INFO

- 4 Bedryf groet Gert Heyns
- 5 Nog twee landbougrotes wil saamsmelt
- 5 Hendrik van Staden neem leisels by Syngenta Saad
- 8 Wintergraanoes vra water en goeie bestuur
- 12 SACTA: Nuwe hoof, nog 'n gewas en vaartbelynde kommunikasie
- 12 The SACTA success story
- 13 SACTA expands transformation support
- 27 Seed industry's role to combat desertification
- 29 Agbiz leadership re-elected unanimously
- 29 Koos J. van Rensburg tree uit by VKB
- 29 Crawford von Abo †
- 30 SAGIS AGM: Founding member replaced, excellent service at low cost



Wintergraan se stand

8



Nuwighede by Nampo Kaap

16

NAMPO KAAP

- 16 Nampo Kaap bring vier dae met talle nuwighede
- 20 Sensako en Syngenta span kragte saam by Nampo Kaap
- 21 Eerstehandse inligting oor samesmelting se voordele

SMALL GRAIN

- 22 Die realiteit van onkruidodder se weerstand in gars
- 24 Kalibreer spuite só vir die spuitseisoen
- 25 Swak waterkwaliteit kan produsente duur te staan kom



Waterkwaliteit

25

MARKET-INFO

- 7 Vrystaat lig SA se koringhektare
- 28 SAGIS: Market information wheat
- 29 SAGIS: Soveel produkte uit koring vervaardig



Desertification and the seed industry

27

BEDRYF GROET

Gert Heyns

Gert Heyns van die Suid-Afrikaanse Kultivar- en Tegnologie-agentskap (SACTA) het einde Julie afgetree na byna vier jaar as uitvoerende hoof. Hy het 'n lang loopbaan in die landboubedryf gehad en sal onthou word as iemand wat altyd die belange van sy kliënte eerste gestel het en ook 'n span mense kon motiveer om altyd hul beste te lewer.

Mariana Purnell
MEDEWERKER

Mnr Heyns is op Kroonstad in die Vrystaat gebore en het op Kestell gematrikuleer. As seun wat op 'n plaas grootgeword het waar graanverbouing die grootste deel van die boerdery was, was landbou altyd sy beroepsvoorkeur. Hy het landboustudies in Bloemfontein by Kopsies voltooi, 'n MSc Agric-graad verwerf en 'n MBA aan die Noordwes-Universiteit op Potchefstroom.

Hoewel mnr Heyns sy loopbaan as 'n landboukundige in die kunsmisbedryf begin het, het hy gou van rigting verander en by die handel betrokke geraak. Hy was 15 jaar in die kunsmisbedryf betrokke en die laaste 30 jaar in die saadbedryf, waarvan meer as 23 jaar by die landbouereus Monsanto.

Sy posisie as bemarkingsbestuurder van saad en biotegnologie by Monsanto het hom goed voorberei op sy latere taak by SACTA. Voor sy aanstelling as uitvoerende hoof van SACTA was mnr Heyns deel van die SACTA-taakspan. Hy was nou betrokke by die grondwerk wat gelei het tot die stigting van hierdie organisasie wat die teel- en tegnologieheffing vir die ontwikkeling van nuwe variëteite en tegnologieë in selfbestuwendende gewasse bestuur en administreer.

Daar was talle hoogtepunte in sy loopbaan, maar 'n tydperk wat bo-aan die lysie is en wat hy baie geniet het was die twee jaar as voorsitter van die nasionale saadorganisasie, SANSOR.

Gedurende sy loopbaan van 45 jaar het mnr Heyns heelwat veranderinge in die bedryf beleef. Een van die eerste omwentelinge wat hom beïndruk het, was die ommeswaai van minimum- tot geen grondbewerking en die gepaardgaande vogbewarings- en bestuursaspekte daarvan. Die tweede groot omwenteling waarin hy grootliks kon deel, was die koms van biotegnologie in die saadbedryf.

Mnr Heyns sê hy het reeds vroeg in sy loopbaan besef daar is groot verskille onder produsente se sukses met graanverbouing. Dit was duidelik grootliks deur besluitneming en bestuur bepaal.

Hy is positief oor die toekoms van die graanbedryf en landbou in Suid-Afrika. Voedsel móét vir die massa mense geproduseer word en Suid-Afrikaanse produsente het die vermoë om onder moeilike klimaats- en ekonomiese omstandighede aan te pas. Hy glo hy sou waarskynlik dieselfde studierigting gevolg het as hy in 2020 gematrikuleer het. Landbou is vandag



Gert Heyns

'n gespesialiseerde veld en bied baie uitdagings en geleenthede aan mense wat daarin belangstel.

Hy maan egter dat daar ook donker tye in landbou kan wees, soos in die vroeë jare van 2000 toe daar binne die saadbedryf baie veranderinge was as gevolg van multi-nasionale maatskappye wat plaaslike maatskappye oorgeneem het. Die samevoeging en herstrukturering van daardie organisasies was gekompliseerd en traumaties – baie mense het hulle werk verloor. Dit was volgens hom 'n moeilike tyd.

Mnr Heyns skryf sy suksesvolle loopbaan toe aan harde werk en die toegewyding van gemotiveerde spanne mense in bemarking en verkope. Hy het ook belangrike lewenslesse in sy loopbaan geleer, soos dat die belangrikste bate van enige onderneming 'n positiewe, gemotiveerde span werkers is. Hy beklemtoon dat hy altyd gefokus het op die positiewe eienskappe van elkeen met wie hy te doen gehad het en daaruit probeer leer het. Hy het besef dat om na te volg wat in die praktyk suksesvol is, vir hom meer beteken het as om op een spesifieke mentor te fokus.

Hoewel hy die mense saam met wie hy gewerk het sal mis, gaan mnr Heyns steeds in landbou beskikbaar wees om waar nodig op 'n konsultasiebasis betrokke te wees.

Hy en sy vrou, Linda, woon die afgelope jare op Mosselbaai en geniet die rustiger lewe van die Suid-Kaap bo die gewoel van Pretoria. Hulle is lief om te reis en te kampeer en wil nog heelwat plekke in Suider-Afrika besoek. Die Heyns-gesin is 'n gehegte familie en probeer soveel tyd as moontlik saam deurbring. Hulle het twee getroude seuns en vyf kleinkinders. Pa en seuns jag graag saam. Hy oorweeg nou 'n nuwe uitdaging - om rolbal te begin speel. 🏏



Nog twee landbougrotes wil saamsmelt



Die landboumaatskappye VKB en GWK staan op die vooraand van 'n samesmelting nadat GWK se aandeelhouders in Augustus 2022 ten gunste daarvan gestem het. VKB se direksie het die transaksie voorheen goedgekeur. In die finale stap moet die Mededingingskommissie die samesmelting goedkeur.

Gesprekke tussen die twee maatskappye het in Julie 2020 begin en in Julie 2022 is 'n vaste voorneming aan GWK se aandeelhouders bekend gemaak. Al twee maatskappye behou hulle handelsmerke en is van plan om sake só voort te sit.

VKB het in Maart 2019 sy honderdste bestaansjaar herdenk. Die maatskappy het ontwikkel van 'n landboukoöperasie, Vrystaat Koöperasie Beperk, tot 'n landboumaatskappy met uitgebreide belange in verskillende bedrywe.

Leiers van altwee organisasies het hulle tevredenheid met die voorgename samesmelting uitgespreek.

Nicolaas Kruger, voorsitter van die GWK Groep se direksie, sê hulle is verheug dat GWK se aandeelhouders saamstem met die strategiese voordele wat die transaksie met verloop van tyd vir die verskillende belanghebbendes kan ontsluit, insluitend skaalvoordele, groeigeleenthede en risiko-diversifisering.

Volgens Llewellyn Brooks, die GWK Groep se besturende direkteur, is hy opgewonde oor die geleentheid wat hierdie transaksie vir al hulle belanghebbendes gaan ontsluit. Hulle sien daarna uit om die landboumaatskappy van die toekoms te help skep.

Aan VKB se kant sê Coenraad Fick, voorsitter van die VKB Groep se direksie, VKB is daarvan oortuig dat die voorgename

transaksie waarde inhou vir albei ondernemings en hulle aandeelhouders.

“Ons voorsien ook dat dit dienslewering aan kliënte sal verbeter, met gepaardgaande voordele. Ons is opgewonde dat dit 'n soliede basis sal skep om geleenthede vir toekomstige groei en vooruitgang te benut.”

Volgens Koos Janse van Rensburg, die VKB Groep se huidige besturende direkteur, sal GWK én VKB se produsente baat vind by die transaksie.

“Die sinergieë tussen die besighede sal die groter besigheid na 'n volgende rat laat oorskakel ná die transaksie. Dit sal nuwe geleenthede ontsluit en ook vir personeel beter persoonlike groeigeleenthede bied. Ons sien daarna uit om die geleentheid te ontgin.”

Dr PG Strauss, wat mnr Janse van Rensburg van 1 Oktober 2022 as besturende direkteur van die VKB Groep opvolg, sê GWK en VKB het 'n belangrike bydrae om in die Suid-Afrikaanse landboubedryf te lewer.

“Samewerking verbeter die volhoubaarheid van albei ondernemings en verseker dat albei ondernemings produsente ook in die toekoms sal kan ondersteun om vooruit te gaan en volhoubaar te wees.” 🌱

Hendrik van Staden neem leisels by Syngenta Saad

Magda du Toit
NAMENS SYNGENTA

'n Bekende leier in landbougeledere, Hendrik van Staden, is aangestel as hoof van Syngenta se saadeenheid in Afrika suid van die Sahara.

Hy het voorheen verskeie leierskapsrolle by Monsanto en later by Bayer beklee. 'n Uitgetrede leier van Syngenta se saadsake en voormalige kollega, Kobus Lindeque, het met die aankondiging gesê mnr Van Staden sal momentum in die organisasie help behou. Hy gaan meer groei in saadsake in Afrika help aandryf en Syngenta se strewende na bewaringslandbou help bevorder.

Mnr Lindeque was betrokke by die integrasieproses tussen Sensako en Syngenta in Suid-Afrika en met die ontwikkeling van 'n groeistrategie in somergewasse om Sensako se suksesvolle koringsake te ondersteun. Hy gaan as sakekonsultant beskikbaar wees en saam met mnr Van Staden in die oorgang werk.

Syngenta het in die afgelope jare sy fokus op saadverkope in Afrika suid van die Sahara verskerp. Die maatskappy word wêreldwyd erken as 'n betroubare organisasie wat produsente van kragtige bastersaad, variëteite en biotegnologie voorsien,

asook van produkte vir oesbeskerming onder alle verbouingstoestande.

Sensako se handelsnaam was lank in die Suid-Afrikaanse saadbedryf bekend vir navorsing en teling, saadproduksie, suksesvolle koringsake en die voorsiening van saad. Onlangs het dit weer begin fokus op somergewasse en teelprogramme ingestel vir sonneblom en mielies en kultivartoetse met sojabone begin uitvoer.

Mnr Van Staden is 'n voorstander van waardetoevoeging en om verhoudinge met produsente te koester. Hy is beïndruk met die geleentheid wat Syngenta se tegnologie aan produsente bied.

“Landbou is in my bloed en my hart lê in verkope en bemerking. Wisselwerking met kliënte inspireer my en ek glo sterk daaraan dat verhoudings 'n belangrike basis vir sukses is.

“'n Pyplyn van saad van hoë kwaliteit gaan nie net beter en produktiewer oeste meebring nie, dit speel 'n belangrike rol om risiko's verbonde aan graanproduksie te verminder. Die vermindering van risiko's stel produsente in staat om voedsel te verbou met minder grond, water en insetmiddele,” sê mnr Van Staden. 🌱



Hendrik van Staden

SENSAKO

Jou saadvennoot vir die toekoms

Die SENSAGO-handelsmerk is bekend vir die kwaliteitsaad wat ons aan produsente lewer. Hierdie kwaliteit word gerugsteun deur SYNGENTA se uitstekende toegepaste navorsing. Daarom kan jy op SENSAGO-saad vertrou om die goue balans tussen opbrengs, kwaliteitgraan en winsgewindheid te handhaaf.

Produseer saam met SENSAGO!



syngenta®



Syngenta is een van die wêreld se toonaangewende maatskappye met meer as 26,000 werknemers wat toegewy is aan ons doel: Om plantpotensiaal lewend te maak.



syngenta.co.za



SENSAGO



SENSAGO

Bethlehem +27 (0) 58 303 4690

®

Wintergewasse - 2022-produksieseisoen

Vrystaat lig SA se koringhektare

Landboutoestande in die vorige seisoen het meegebring dat koringaanplantings in die Vrystaat vanjaar meer is. Dit is na verwagting egter net 'n seisoenale verskuiwing ten koste van mielies en sojabone en kan in die toekoms, afhangende van klimaatstoestande, weer na somergraanaanplantings terugkeer.

Volgens die Nasionale Oesskattingkomitee (NOK) se eerste voorlopige oppervlakteskatting van wintergewasse vir die 2022-seisoen wat einde Julie bekend gemaak is, bly aanplantings in die Wes-Kaap dieselfde as in die vorige seisoen. Aanplantings in die besproeiingsgebiede het waarskynlik soos in die Vrystaat toegeneem.

Die oppervlakteskatting weerspieël die situasie teen die middel van Julie 2022, gebaseer op die resultate van 'n nie-ewekansige opname wat deur die direktoraat: statistiek en ekonomiese ontleding van die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling en ander verteenwoordigers onderneem is.

Inligting van die onafhanklike produsente-oesskattingstelsel (PICES), wat die Nasionale Oesskattingkonsortium doen, gaan vir die Wes-Kaap in Augustus 2022 gerapporteer word en vir die Vrystaat in September 2022. Die hersiene oppervlakte- en eerste produksieskatting vir die seisoen word 30 Augustus 2022 vrygestel.

Koring

Die voorlopige skatting van die oppervlakte onder koring beloop

Tabel 1. Wintergewasse – voorlopige oppervlakteskatting 2022-produksieseisoen.

Gewas	Oppv 2022 Ha (A)	Oppv 2021 Ha (C)	Voorname* Middel April 2022 Ha (B)	Finale oes 2021 Ton (D)	Verandering % (A) ÷ (C)
Koring	553 900	523 500	538 350	2 285 000	+5,81
Gars ¹⁾	106 600	94 730	109 100	334 000	+12,53
Kanola	121 200	100 000	120 000	198 100	+21,20
Hawer ¹⁾	30 150	36 250	29 150	59 000	-16,83
Soetlupiëne	30 000	22 000	25 000	28 600	+36,36

* Voorname gebaseer op toestande soos teen middel April 2022.

¹⁾ Slegs kommersieel. Uitgesluit gars of hawer wat gebruik word as weiding, kuilvoer, hooi en/of op die plaas as veevoer. Bron NOK.


Tabel 2. Koring – voorlopige oppervlakteskatting 2022-produksieseisoen.

Provinsie	Oppv 2022 Ha	Oppv 2021 Ha	Voorname* Ha Middel April 2022	Finale oes 2021 Ton
Wes-Kaap	360 000	360 000	350 000	1 260 000
Noord-Kaap	37 000	35 500	35 250	275 125
Vrystaat	95 000	70 000	95 000	360 000
Oos-Kaap	4 300	3 800	4 000	25 080
KwaZulu-Natal	9 000	8 500	8 500	56 950
Mpumalanga	4 000	4 100	4 000	28 300
Limpopo	29 000	26 500	26 500	176 220
Gauteng	1 100	1 100	1 100	7 425
Noordwes	14 500	14 000	14 000	95 900
Totaal	553 900	523 500	538 350	2 285 000


* Voorname gebaseer op toestande soos teen middel April 2022. Bron NOK.



Figuur 1. Koringaanplantings 2010 - 2022. Bron NOK.



Figuur 2. Aanplantings van moutgars 2010 - 2022. Bron NOK.



Figuur 3. Kanola-aanplantings 2010 - 2022. Bron NOK.

553 900 ha, wat 5,81% of 30 400 ha meer is as die 523 500 ha wat verlede seisoen geplant is.

Die beraamde oppervlakte in die Wes-Kaap is 360 000 ha, wat dieselfde is as die vorige seisoen se aanplantings. Vir die Vrystaat is die aanplantings 95 000 ha, wat 25 000 ha meer is as die 70 000 ha wat verlede seisoen geplant is. Die oppervlakte in die Noord-Kaap is 37 000 ha, wat 1 500 ha meer is as in die vorige seisoen.

Ander gewasse

Die voorlopige oppervlakteskatting vir gars is 106 600 ha, wat 12,53% of 11 870 ha meer is as die 94 730 ha van verlede seisoen. Kanola se aanplantings is 121 200 ha, wat 21,20% of 21 200 ha meer is as die 100 000 ha van verlede seisoen. Die voorlopige oppervlakteskatting vir hawer vir die 2021-seisoen is 30 150 ha en vir soetlupiëne 30 000 ha. 🌱

Wintergraanoes vra water en goeie bestuur



Kanola is sensitief vir droogtetoestande tydens planttyd. Water, voldoende koue en goeie bestuur is die resep vir sukses met die oes. Kanola-aanplantings in die Overberg het hierdie seisoen baie toegeneem.

Die Overberg- en Swartland se wintergraanaanplantings is in wording. Aan die begin van Augustus het broodnodige reën, matige groeitoestande, nougesette gewasbestuur en weldeurdagte prysbesluite tussen produsente en die beste moontlike 2022-opbrengste gestaan. Daar is eenstemmigheid dat voldoende reën in die Overberg en Swartland in September en bestuurspraktyke die laaste sê in die uitkoms van die huidige wintergraanoes sal hê.

Jan Greyling
MEDEWERKER

Johan Lusse, bestuurder: graan by Overberg Agri, sê daar is baie rede vir dankbaarheid, maar produsente wag op reën wat noodsaaklik is om optimale groei en saadvorming by die gesaaides te verseker. Hiermee stem Henk de Beer, hoofbestuurder: bedrywe van SSK, saam.

Bestuurspraktyke wat die oes kan maak of breek sluit in kultivarkeuse, plantgehalte, bemesting, siekte- en insekbeheer deur bespuiting of biologies. "Wat jou saad in die grond vir jou sal lewer sal deur jou bestuur bepaal word. Die regte goed op die regte tyd is deurslaggewend. As jy as boer jou bes doen is die res mos in die liewe Vader se hande," sê mnr Lusse.

Hy sê die grootste uitdaging in die winterreëngedebied bly water. "Ons het gesien hoe laag opbrengste in 2019 was met dieselfde grond, kultivars, bewerkingsmetodes, wisselbou, bemesting en siektebeheer, maar met boomskraap-damvlakke."

Volgens mnr De Beer is die gewasopkoms in die SSK-streek

vanjaar op die oog af na wense, "inaggenome dat ons eintlik 'n baie droë jaar het. Die somerreën en neerslae sedert planttyd was min. Kyk ons na die afgelope vyf tot ses maande was dit eintlik baie min. Veral gesaaides in die droër dele skiet soms tekort. In die breër prentjie het die saad egter goed gevat.

"Reën maak so baie dinge reg. Tans is ons sonder voldoende reserve grondvog. Ons kyk dus met verwagting uit na 'n reëntjie om die oespotensiaal te behou of selfs 'n skoppie te gee, veral in die droër dele van die distrik van Albertinia af na Mosselbaai toe."

Produksietoestande

In die Overberg was vroeë reën in Januarie, Februarie en Maart minder as die langtermyn gemiddeld, maar in Mei en Junie was die reën ietwat bo die langtermyn gemiddeld.

Dit was nie, soos in Mei 2021, ontoeganklik nat in die lande nie. Mnr Lusse sê daar was genoeg grondvog vir aanplantings en die vestiging was goed. Produsente wat reeds van vroeg in April af geplant het ervaar geringe uitdagings, maar die po-



In die Overberg was grondvog voldoende vir aanplantings en die graan se vestiging was goed. Ondanks reën wat laat was het die oespotensiaal goed gelyk. .

Foto: Jan Greyling.

tensiaal lyk mooi, ondanks die feit dat die reën met 'n week of twee agter is.

Tot in Julie was daar volgens mnr Lusse goeie reën in die Overberg, maar merkbaar kleiner neerslae in die Swartland. "Ons weet mos nooit hoe die seisoen gaan uitdraai nie, maar ondanks 'n onstuimige ekonomie, duur insette en veral ongewone stygings in brandstof- en bemestingskoste, glo ons vir die beste."

Reënsyfers vir die Swartland dui op ondergemiddelde neerslae, sê mnr Lusse. Die graanstand en 'n gebrek aan voldoende weiding wek egter kommer.

"Daar is nogal oneweredigheid in sekere kolle, maar daar is ook baie mooi graan in dele van die Swartland. Die stand is daar, maar daar is kanola wat bietjie vroeg opgekom het en ander wat effens laat is. Die opkoms is daar en ons vertrou dat dit lank genoeg water sal kry vir sterk groei."

Mnr De Beer sê vanjaar se droër toestande kan nie met 2021 se vloedwater in baie landerye vergelyk word nie. "Ek dink 'n produsent sou moontlik eerder die nat toestande verkies, maar

Tabel 1. Reënverslag in die Overberg en Swartland, 1 Mei tot 18 Julie 2022.

Weerstasie			
	Mei (mm)	Jun (mm)	1-18 Julie (mm)
OVERBERG			
Bredasdorp	36,5	70,8	9,4
Caledon	34,8	102,0	9,0
Tygerhoek	40,8	75,2	8,0
Riversdal	24,9	35,5	4,4
SWARTLAND			
Hopefield	14,4	71,0	9,6
Langgewens	16,0	65,0	13,0
Piketberg/Eendekuil	31,0	67,5	7,9

Bron: Johan van den berg, onafhanklike landbouweerkundige.

daar was verlede seisoen baie verspoelings van grond, saad en kunsmis."

Hy is besorgd oor warm bergwindtoestande in die middel- en laat winter, wat die jong graan kan benadeel. Veral koringplante is geneig om in 'n té warm Julie skade op te doen. "Die streek is geneig om warm bergwinde te kry en het dit reeds in hiërdie seisoen gehad. Teen einde Julie en in Augustus hou ons graan van koue en natuurlik wil ons reën hê."

Volgens hom is kanola die Wes-Kaapse wintergraangewas wat die sensitiefste vir droogtetoestande tydens planttyd is. Water, voldoende koue en goeie bestuur is die resep vir sukses.

Aanplantings in die Overberg en Swartland

Die meeste hektare in die Overberg is vanjaar onder koring, gevolg deur gars, kanola en hawer. Van 2019/20 af het hierdie verhouding effens verander. Na verwagting is die totale hektare onder wintergewasse in 2022 baie ooreenstemmend met 2019. Op 'n jaargrondslag is koringaanplantings 28% tot 30% meer as in 2020. Garsaanplantings is nagenoeg 23% minder as in 2020 en kanola het met meer as 50% gestyg. In die Overberg is sowat 20% meer hawer as in die vorige seisoen gesaai.

Mnr Lusse sê wintergraanprodusente bly wisselbouers. Koring, gars, kanola en hawer bly steeds die beste moontlikhede, maar produsente maak met inagneming van oorhoofse koste die beste moontlike keuses om volhoubaar en winsgewend te bly boer.

Die skuiwe na óf koring, óf kanola óf hawer het in alle gevalle, veral weg van gars af, voorgekom. "Dit is veral weens die gehalterisiko van gars. In 2019 is groot hoeveelhede moutgars weens die onaanvaarbaar hoë stikstofvlakke tot voergars afgegradeer. In 2020 het gebarste gars gehalte gestriem en in 2021 het té lae stikstofinhoud tot afgraderings na voergars en tot radikaal swakker pryse gelei," aldus mnr Lusse. Weens die hoë insetkoste maak produsente hul berekeninge deeglik vir sinvolle risikobestuursbesluite.

"ABInBev het as enkelkoper van die moutgars beslis hul mandaat aan produsente vir die huidige seisoen afwaarts aangepas van 340 000 t in 2019 tot 290 000 t vanjaar. Weens waterprobleme is daar ook 'n bietjie surplusgars en 'n vermoutingsagterstand. Onthou dat 2020 se moutgarsoes die grootste in jare was. Dit tel nou weer effens op," sê mnr Lusse.

Ontwikkeling maak dit makliker

Volgens mnr De Beer bly produsente se gewas- en kultivarbesluite gegrond op opbrengs, droogte- en siekteweerstand, én op kort- en langgroei om aanplantings so te versprei dat al die graan nie op dieselfde stadium ryp is en gelyktydig geoes moet word nie.

"Dinamiese kultivar-ontwikkeling dra baie by tot die huidige deurlopend verhoogde opbrengste en groter siekteweerstand. Presisieplanters, verminderde bewerking, vogbewaring met dekgewasse en ander plantreste maak volhoubare verbeterde produksie baie meer moontlik."

Mnr Lusse bevestig dat Overbergse graanprodusente meestal met verminderde of minimum bewerkingspraktyke produseer. "Bewaringsboerdery en gewasrotasie is die meerderheid boere se keuse. In die Swartland is vordering met produksiemetodes en opbrengste ook sigbaar. Dit lyk na die regte ding om te doen vir optimale kontoer- en waterbestuur, beter op-

NA BLADSY 10

'n Wenreseps vir kanolasukses...

ALPHA TT

- Tipe: TT-baster
- Groeiseisoenlengte: Medium - vroeg
- Opbrengspotensiaal: Hoog
- Olie %: Hoog
- Groeikragtigheid: Uitstekend
- Planthoogte: Medium
- Swartstamweerstand: Weerstandbiedend
- Weerstand teen omval: Uitstekend

DIAMOND

- Tipe: Konvensioneel (baster)
- Groeiseisoenlengte: Kort - medium
- Opbrengspotensiaal: Hoog
- Olie %: Hoog
- Groeikragtigheid: Uitstekend
- Planthoogte: Medium
- Swartstamweerstand: Weerstandbiedend
- Weerstand teen omval: Baie goed

QUARTZ

- Tipe: Konvensioneel (baster)
- Groeiseisoenlengte: Medium
- Opbrengspotensiaal: Uitstekend
- Olie %: Hoog
- Groeikragtigheid: Uitstekend
- Planthoogte: Medium
- Swartstamweerstand: Weerstandbiedend
- Weerstand teen omval: Uitstekend

AG BRAVO TT - NUUT!

- Tipe : TT-baster
- Groeiseisoenlengte: Medium
- Opbrengspotensiaal: Hoog
- Olie %: Hoog
- Groeikragtigheid: Uitstekend
- Planthoogte: Medium
- Swartstamweerstand: Weerstandbiedend
- Weerstand teen omval: Uitstekend

Takke:

Brackenfell: 021 981 1126
Cradock: 087 365 0010
George: 087 354 1028
Howick: 033 330 2765

Kimberley: 053 841 0675
Piketberg: 087 365 3025
Port Elizabeth: 041 373 9894
Potchefstroom: 018 294 7470

Pretoria: 012 803 6033
Swellendam: 087 359 3236
www.agricol.co.za



Wintergraanoes vra water en goeie bestuur

VAN BLADSY 9



Gewasse in die Wes-Kaap se graanstreke lyk op die oog af na wense, terwyl somerreën en neerslae sedert plattyd min was.

Foto: Jan Greyling.

brengrste en winsgewende volhoubaarheid. Dit is goed om te sien ons is op wêreldstandaard."

Mnr Lusse meen die hele waardeketting het, net soos die produsent, die uitdaging om by te hou met markbehoefes. "Ons produsente pas aan. Ek glo ons het die potensiaal om in die vraag na die nodige graan in die voedselmandjie te bly voorsien. Gelukkig vir die ander deelnemers is ons produsente aan die voerpunt van bewerkings-tegnologie, presisieboerdery, bewaringspraktyke, kultivarontwikkeling én chemie- en hulpbronbestuur."

Hy sê produsente se rekordhouding, beplanning en begrotingsbestuur verbeter deurentyd. "Dit is 'n besigheid en ons boere moet bybly met die eise van die tyd. Oor die klimaat het ons nie beheer nie. Die mark is daar en ons gars en koring is van 'n hoë gehalte."

Groter opbergingskapasiteit

Mnr Lusse sê die rekordoes van 620 000 t in 2020 het Overberg Agri gerat om die graanvolumes wat 2022 kan oplewer te ontvang, met die verhoogde aanplantings in berekening. "Ons het mettertyd meer infrastruktuur geskep. Beurtkrag is 'n groot uitdaging, maar ons is met duur prosesse besig om kragopwekkers te installeer en die nodige voorsiening te maak."

Namens SSK sê mnr De Beer dat hulle opbergingskapasiteit sedert 2021 uitgebrei is met 'n bykomende 20 000 t op Swellendam en met nagenoeg 10 000 t elk by Albertinia en Protém. "In geheel is dit plek vir 40 000 t tot 50 000 t meer graan. Hopelik kom ons met geleidelike uitbreiding daar waar ons nie tydelike metodes, soos silosakke en opbergingsdamme, nodig het nie."

Dié belangrikste besluit

Mnr Lusse spoor boere aan om hul graan gedurende die seisoen goed op te pas en risiko's proaktief te bestuur. Dit geld vir graangehalte wanneer die gradering ná die oes begin, maar ook vir voedselveiligheid, wat plaaslik en internasionaal belangriker word.

"Die belangrikste boodskap nou aan produsente is dat graanpryse, gekoppel aan invoerpariteit en aan die wisselvalige wisselkoers, onstabiel is," sê mnr De Beer.

Die onlangse stygings in internasionale graanpryse bied volgens mnr Lusse 'n geleentheid. "Hou die pryse dop en doen die bemerking regdeur die seisoen volgens die potensiaal van die produk. Met minder riskante gewasse kan produsente effens hoër mik. Insetkoste is baie duurder en uitgawes en besparing moet bestuur word. Onthou, prysvasmaak is riskant. Dit vra goeie beplanning."

Mnr De Beer sê alles is aan die oorlog in die Oekraïne gekoppel, veral aan die gevolge daarvan op insetmiddele en op voedselproduksie en -beskikbaarheid met veral koring- en olieprodukte, waaronder kanola val.

"Met 'n sterk, maar sensitiewe prysomgewing en hoë insetkoste is produsente se tydsberekening met prysneming baie belangrik. Om reg of verkeerd te prys sal 'n baie groot impak op die winsgewendheid van 'n boerdery hê, want min reën kan groot probleme meebring. Saam met prysing kom die verantwoordelikheid van lewering. Hoe vroeër jy prys vasmaak, hoe groter is die prys, maar ook die risiko, weens die tyd voor oes en lewering."

Dit is die belangrikste besluit vir die produsent, sê beide mnr Lusse en De Beer. 🌾

SACTA: Nuwe hoof, nog 'n gewas en vaartbelynde kommunikasie

Die Suid-Afrikaanse Kultivar- en Tegnologie-agentskap (SACTA) het 'n nuwe hoof nadat Gert Heyns die tuig neergelê het (artikel op bladsy 4). Andrew Bennet het in Augustus 2022 oorgeneem as uitvoerende hoof by hierdie organisasie wat die teel- en tegnologieheffings vir die ontwikkeling van nuwe variëteite en tegnologieë in selfbestuivende gewasse bestuur en administreer.

Mariana Purnell
MEDEWERKER

Mnr Bennet was langer as 10 jaar 'n tegnologie-ontwikkelingsleier vir Afrika by Monsanto en daarna by Bayer Crop Science in ongeveer dieselfde hoedanigheid vir Asië-Afrika. Hy kom van KwaZulu-Natal af en het 'n MSc-graad in Entomologie verwerf.

SACTA moenie verwar word met ander kommoditeitstrusts nie. Dit is nie gekoppel aan 'n spesifieke kommoditeit nie en

het slegs ten doel om die teling van selfbestuifde graan- en oliesaadgewasse te verbeter. Die statutêre teel- en tegnologieheffing veroorsaak dat Suid-Afrikaanse produsente deurlopend toegang het tot verbeterde genetica en tegnologie vir mededingende gewasproduksie by koring, gars, hawer, soja-bone en lupiene.

Instansies wat die heffings invorder, soos lede van Agbiz Grain en ander verhandelingspunte, sal eersdaags alle administratiewe inligting aanlyn op SACTA se webtuiste kan voltooi en heelwat rompslomp uitskakel.

The SACTA success story

Mariana Purnell
CONTRIBUTOR

The South African Cultivar Technology Agency (SACTA) raised a total levy income of R161 690 million in 2022, according to the newly appointed managing director of SACTA, Mr Andrew Bennett. The income from soybeans and wheat was R87 337 million and R61 689 million, respectively,

while the smaller crops such as barley, oats and lupins jointly accounted for R12 664 million.

When a mandatory levy to support breeding programmes in developing new varieties and the latest technologies was introduced in 2016, it was met with much suspicion by fellow role players in the grain industry. However, the SACTA levy has resulted in a win-win situation for both seed breeders and

the local producers of the relevant open pollinated crops.

The statutory levies were gradually introduced over the last five years, with levies for wheat and barley commencing in 2016/17 and soybeans and oats in 2019/20. Today SACTA prides itself in a highly successful rate of levy collection with the most recent achievement of 99,5% for soybean, 92% for wheat, 85% for barley and 73% for oats.

SACTA collects the levies and pays the funds to the relevant seed companies in support of their breeding programmes so that such companies find it attractive and rewarding to bring new technologies to South Africa. As a result, major benefits have been seen locally in new traits and also higher yields.

After auditing, a total R123 571 million was distributed to the seed industry during the 2022 financial year. At the recent annual information session, Mr Bennet explained that wheat breeders collected R43 708 million in November 2021 while principals involved in soybean breeding and technology received R67 987 million in August 2022.

Although the SACTA financial year



During one of the panel discussions at SACTA's recent annual information session, Prof Ferdi Meyer (on the left) of the Bureau for Food and Agricultural Policy discussed the value of the levy income with representatives of seed companies, who were Joäs Schechtel from GDM Seeds, Dr Francois Koekemoer from Syngenta / Sensako and Dr André du Toit from Corteva.



Andrew Bennet

Lupiëne is die jongste toevoeging tot die groep graangewasse. In die eerste jaar van instelling is 'n heffing van R35 per ton betaal om die bedryf mededingend te maak met internasionale produksie.

Sedert die instelling van die heffing op koring in 2017 het 23 nuwe koringkultivars reeds die lig gesien. Die heffing vir koring, hawer en gars is tans R30 per ton. Die heffing op sojabone is tans R55 per ton, maar sal van Maart 2023 tot Februarie 2024 R66 per ton beloop en van Maart 2024 to Februarie 2025 R92 per ton. Hierdie bedrae word met 'n formule bereken na gelang van die gewas se prys op die kommoditeitsmark. Sedert die heffing op sojabone ingestel is, is meer as 50 nuwe kultivars geregistreer.

Dit neem ongeveer 12 jaar en kos meer as R16 miljoen om 'n nuwe kultivar te ontwikkel. Sonder die jongste tegnologie is dit onmoontlik vir Suid-Afrikaanse produsente om teen hul internasionale eweknieë mee te ding, wat van die beste saad en jongste tegnologie gebruik maak. SACTA versprei die heffingsfonds volgens markaandeel aan saadmaatskappye en spoor sodoende saadteelmaatskappye aan om nuwe variëteite in selfbestuivende gewasse te ontwikkel. Hierdie stelsel word deur produsente ondersteun, aangesien sulke kultivars 'n gesonde balans tussen opbrengs en kwaliteit bied en sorg dat alle partye in die waardeketting voordeel trek. Die stelsel word aangedryf deur die vrye mark, gedikteer deur vraag. 🌱

SACTA expands transformation support

SACTA's levy is intended to support breeding programmes but 20% is used for transformation activities, focussing on the quality of farmers.

Mariana Purnell
CONTRIBUTOR

The South African Cultivar Technology Agency (SACTA) collects statutory levies on wheat, soybeans, oats, barley and lupins. Although the mandatory levy is intended to support breeding programmes in developing new varieties and the latest technologies in open pollinated crops, 20% of the levy income is used for transformation activities in line with the guidelines of the National Agricultural Marketing Council.

From the total 2022 levy income, more than R32 million was set aside for transformation and added to the amount carried over from the previous year. Sandile Mahlangu, SACTA Trans-

formation Manager, says that actual transformation payments have almost doubled, increasing from R27,5 million in 2021 to R55 million. Following the most recent payments, there is now just over R21,5 million still available for projects in 2022/23. The estimated SACTA expenditure for 2023 is R37 million.

The levy supports enterprise development, skills development, management control and also socio-economic development with the aim of developing independent and sustainable farmers. SACTA does not focus on the number of farmers supported, but rather the quality of farmers. The major portion of the funding is allocated to the main priorities, namely enterprise development

TO PAGE 14

runs from 1 March to 28 February, the levy collection is linked to the individual crop – beginning during the growing season and extending into the marketing season. Levy collection for soybean occurs within one financial year that is aligned with the SACTA financial year, but for winter grain it takes place over two financial years. The time of levy distribution is dependent on receiving timeous information from seed companies and grain traders, but generally it takes place around August for summer crops and around October for winter cereals.

SACTA was established as a non-profit company, with its main responsibility being to administer the statutory levy on certain self-pollinating grain crops according to the Companies' Act 71 of 2008. The costs of running SACTA (commission and administration) are below 2,8% of the gross levy income. In addition, 20% of the levy income supports enterprise development, skills development, management control and also socio-economic development to bring about transformation in these value chains. 🌱

SACTA expands transformation support

FROM PAGE 13



SACTA initiated a mechanisation pilot project that enables farmers to purchase and upgrade new and pre-owned equipment.



SACTA funds several deserving socio-economic projects, such as the borehole at Doornkop, focussing on the establishment, improvement or maintenance of water supply to rural schools.

and skills development. However, the organisation still fulfils other transformation pillars.

Enterprise development is achieved through the provision of interest free loans to which over R48,6 million was allocated last year. Mr Mahlangu emphasised that SACTA collaborates with reputable service providers who handle farmers' credit accounts, advise and mentor farmers, assist with budgeting, crop management as well as implementing a crop rotation programme, and ultimately support them in the marketing of their grain.

During the past year, 131 farmers producing on 6 553 hectares throughout all field crop production regions were supported. The major focus is on soybeans and wheat. SACTA also initiated a Mechanisation Pilot Project that enables farmers to increase their efficiency and productivity by allowing them to purchase and upgrade new and pre-owned equipment. Thus far, the purchase of a disk, planter and tractor have been funded.

These interventions have allowed farmers to build valuable relationships and a track record with input suppliers, off takers and the commercial bank while on-farm jobs are created which benefits the community and local economy.

Almost R2 million was dedicated to skills development and training for designated groups to enhance capacity in grains and oil-seeds breeding and technology. To ensure good research capacity for the industry, concentrating on internships and postgraduate studies, SACTA allocated more than fifty study bursaries in the past five years. Students must study full-time at any South African university. There are presently 25 beneficiaries – ten PhD students, 12 MSc students and three internships – being funded. The organisation is now also exploring investment in under-graduate and farmer training.

SACTA funds several deserving socio-economic projects, primarily focusing on field crop producing areas. The focus is on the establishment, improvement or maintenance of water supply to rural schools with the aim of improving the living standards of previously disadvantaged communities. However, SACTA may consider occasional once-off projects and donations on ad-hoc basis.

Current projects implemented in collaboration with reputable service providers each provides about 100 beneficiaries water suitable for drinkable and watering plants or vegetables.

SACTA prides itself in all these initiatives and its bottom-up approach to establish successful farmers. ♡



Corteva Agriscience™ and Pannar® invite you to join us at Nampo Cape 2022 where we will be showcasing our latest product trials and wheat cultivars, including:

PAN 3774

PAN 3774 is a late maturing, high yielding cultivar with tolerance to Stripe Rust. It has exceptional tillering capacity and good straw strength and is therefore well suited to cultivation at low seeding rates in the Western Cape.

PAN 3753

PAN 3753 is a late maturing cultivar with tolerance to Stripe and Leaf Rust. It has exceptional tillering capacity and good straw strength and is therefore well suited to cultivation at low seeding rates in the Western Cape.

PAN 3976

PAN 3976 is a high yielding, early maturing cultivar with tolerance to Stripe Rust and moderately tolerant to Stem Rust. PAN 3976 has good tillering capacity and straw strength and is therefore well suited to cultivation at low seeding rates in the Western Cape.

AUBAINE®
518 SC

HERBICIDE

Aubaine 518 SC (L11069) - A suspension concentrate herbicide for the residual pre-plant, pre-emergence or early post-emergence control of weeds in wheat in the winter rainfall region.

Tarzac® 320 WG

Arylex' active

HERBICIDE

Tarzac 320 WG (L10760) - A water dispersible granule herbicide for selective, early post-emergence control of broadleaf weeds and some annual grasses in wheat in the Western Cape and irrigated areas in the summer rainfall region.

PAN 3855

PAN 3855 is a high yielding medium to early maturing cultivar with tolerance to Stripe and Leaf Rust. It has good tillering capacity, grading characteristics and straw strength.

PAN 3783

PAN 3783 is a high yielding, medium to late maturing cultivar with tolerance to Stripe, Leaf and Stem Rust. It is Pannar's new generation cultivar in the medium to late maturing growth class.

Pixxaro® 266 EC

Arylex' active

HERBICIDE

Pixxaro 266 EC (L11191) - An emulsion concentrate herbicide for pre-plant burndown of broadleaf weeds on fallow lands and selective early post-emergence control of broadleaf weeds in wheat and barley.

Quelex™ 200 WG

Arylex' active

HERBICIDE

Quelex 200 WG (L10759) - A water dispersible granule herbicide for selective early post-emergence broadleaf weed control in wheat in the Western Cape and irrigated areas in the summer rainfall region.

PAN 3471

PAN 3471 has a high and stable yield potential, good straw strength, standability and shows good tolerance to current Leaf Rust and Stripe Rust pathogenic types. PAN 3471 is very well suited to dryland cultivation in the Western Cape.

Join our field trial tours taking place daily at 10:00 and 14:00 from 14 – 17 September at Nampo Cape


FOR MORE INFORMATION CONTACT THE REGISTRATION HOLDER:
Dow AgroSciences Southern Africa (Pty) Ltd Reg No. 1967/007147/07
Paarl +27 (0) 21 860 3620 | Centurion +27 (0) 12 683 5700
Local Emergency No +27 (0) 82 895 0621 (SA only)
24 Hour Emergency No +32 3 575 555
Maxwell Office Park, Magwa Building, Ground Floor
Magwa Crescent, Waterfall City, Midrand, 1686 South Africa



Follow Us For More Information



Nampo Kaap bring vier dae met talle nuwighede



Die uitgestrekte landbou-lappieskometers van die Overberg wag vir graan-, boord- en veeprodusente se besoek aan Nampo Kaap.

Graan- en ander landbouprodusente kan met verwagting uitsien na 'n kraakvars Nampo Kaap 2022 by Bredasdorp Park in die Overberg. Om meer as 500 uitstallers, waarvan bykans 100 nuut sal wees, by die vertoonvenster van die landbousektor te kan verwelkom het die organiseerders in die afgelope twee jare van isolasie gewoeker.

Jan Greyling
MEDEWERKER

Vanjaar span Bredasdorp Park en Graan SA weer saam om 'n toekomsgerigte Nampo Kaap aan te bied, na die algehele opheffing van alle inperkingsmaatreëls wat tydens die Covid-19 pandemie gegeld het.

Volgens Henk Aggenbach, voorsitter van Nampo Kaap en van Bredasdorp Park NPC, was daar in die afgelope meer as twee jaar, sedert Nampo Kaap die laaste keer in 2019 aangebied is, baie verwickelinge. Die landbousektor het dinamies vooruitgegaan met doelgerigte ontwerpe en planne wat die lewe van boere deur die allernuutste tegnologie, presisie, meganisasie, besproeiing en bespuiting meer winsgewend en volhoubaar maak.

Die tema van Nampo Kaap 2022 is "Tye van Verandering". Die landbougemeenskap, uitstallers, borge en waardeketting-deelnemers kan Woensdag, 14 tot Saterdag, 17 September omring. Dan vind hierdie omvangryke tentoonstelling vir die hele Suid-Afrika plaas op Bredasdorp Park in die Wes-Kaap. Die hekke sal elke dag vanaf 08:00 tot 17:00 oop wees. Nampo Kaap word vir die eerste keer oor vier dae, wat 'n Saterdag insluit, gehou.

Meer uitstallings

Toit Wessels, Graan SA se uitstalkoördineerder vir Nampo Kaap, sê die uitstalruimte op die park is voor die ekspo-kanselasie in 2020 reeds tot 440 vermeerder. "Vanjaar sal altesaam 535 staanplekke aan uitstallers verhuur word. Teen einde Junie was meer as 500 reeds verhuur," sê hy.

250 stalletjies is in die bekende BKB Uitstalsentrum, die Voermol-gebou en die Total-saal beskikbaar. "Met die omskepping van die Santam Ouditorium in 'n dubbelverdieping en met die ombouing van die ou perdestalle in die nuwe BKB Veesentrum, is 'n aantal nuwe binnestandplase bygekry. In geheel is ons buite-uitstallers nou meer as 200. Almal is bespreek," sê mnr Wessels.

Volgens mnr Aggenbach word die internasionale belangrikheid van Nampo Kaap bevestig deur die deelname van 'n verskeidenheid bekende en minder bekende vervaardigers van landbouwerktuie- en trekkers, waarvan die hoofkantore, herkoms en groei in die buiteland is. Israeliese verskaffers in Suid-Afrika bied 'n groeptentoonstelling aan.

Met die BKB Merino Classic '22 op 15 en 16 September 2022 in die BKB Veesentrum en 15 ander rasuitstallings kan besoekers daarna uitsien om van die land se beste vee van nader te sien. Tydens die Nasie in Gesprek-reeks, wat op die

Op die stapvriendelike terrein wag meer as 200 uitstallers se produkte en kundige personeel om aan produsente inligting te gee.



Woensdag, Donderdag en Vrydag in die ouditorium gehou word, kan boere en rolspeleers na insiggewende leiers se menings oor graan, vee en die landbouthoekoms luister.

Graanbedryf

Bekende vervaardigers soos Massey Ferguson, John Deere, Case, Equalizer en Claas het onder meer reeds hul staanplek bespreek. Uit die Wes-Kaap is dit hoofsaaklik die graanbedryf wat kom uitstal en produsente kan uitsien na die nuutste gewas- en produksie- asook bemerkingsinligting en -toerusting in die koring-, gars-, kanola-, hawer- en rogbedryf.

Van die streek se voorste verskaffers van saad-, kunsmis- en landbouchemiese plaag- en onkruidodders het reeds die sewe beskikbare akkerboupersele op Bredasdorp Park bespreek. Die persele is met hulle gewasse beplant om die jongste variëteite

en verbouingspraktyke met boere, ontwikkelende boere en leerders van skole te deel.

Vanjaar demonstreer nege insetverskaffers hul nuutste bedryfs- en streekgefokusde vordering met produkte aan produsente. Die akkerboupersele, wat vanaf die Sensako-hek tot by die Engen 4 x 4-baan strek, is 'n moet op boere se Nam-po Kaap-beplanning. Dié uitstallers sluit in Môreson Chipper, Apeiro Agri, Omnia, ABInBev, Sensako/Syngenta, Sabbi en AECI.

Mnr Wessels sê voornemende uitstallers se verhouding met die landbou en hulle professionaliteit is vir die organiseerders en Graan SA 'n deurslaggewende faktor. "Hierdie is 'n landboughtoonstelling en landboubelange word voorop gestel."

Versekering vir alles van jou Frieskoei tot jou vrieskas

Santam is al vir oor 104 jaar die voorbok in korttermynversekering – ons verstaan die boerderybedryf. Daarom verseker ons alles van jou vee en oeste tot jou persoonlike en boerderybates onder een sambreel. **Santam. Regte, egte versekering.**

Bel jou tussenganger of gaan na santam.co.za/products/agriculture vir meer inligting.

Santam is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (VFD 3416), 'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en beheermaatskappy van sy groepmaatskappye.

santam
landbou

Nampo Kaap bring vier dae met talle nuwighede

VAN BLADSY 17



Nege akkerboupersele word reeds sedert Mei vanjaar op Bredasdorp Park voorberei vir demonstrasies en proewe.

Foto: Jan Greyling



Selfs al sou weerstoestande op die terrein ongemaklik raak, kan besoekers die beskutting van die BKB Uitstalsentrum, Voermol-gebou en die Total-saal opsoek waar 250 stalletjies met interessante uitstallings wag.



Die Elim fynbos- en veldblomskou word vanjaar in die Shell-gebou aangebied. Vir blomliefhebbers is daar ook Marjolijn Malan se werk met plaaslike blomme. Bredasdorp se blomskool het by 'n vorige Nampo baie aandag getrek.

Nuut dink en nuut doen

Mnr Aggenbach sê ná die Covid-19-inperkings is landbou 'n wêreld van gevorderde en vinnig-vernuwende tegnologie. "Die Vierde Industriële Rewolusie se tempo het werklik meer as verdubbel. Ons sien uit na uitstekende uitstallings wat grootliks op tegnologie, hommeltuigbenutting, presisietoerusting en gevorderde rekenarisering gefokus sal wees. Nampo Kaap is ingestel op die bekendstelling van werkbare, nuwe, alternatiewe energie en op die behoeftes van nuwe toetreders tot die landbou."

Mnr Wessels sê besoekers kan veral in die Total-saal oplet vir uitstallings met die nuutste tegnologie. Hy sê die nuwe uitvindings wat soms sommer kort op mekaar volg is verstommend. "Glo my, daar is baie doel- en winsgerigte oplossings waaraan boere nie noodwendig al self gedink het nie. Alles sal daar wees, ook 'n verskeidenheid nuwe planne wat vir die Omnia Landbouweekblad Boereplanne-kompetisie ingeskryf is. Producente kan dit maar net kom geniet."

Kampioenskap

Mnr Aggenbach is opgewonde oor die wol- en vleisskaap- en vleisbees-aanbieding tydens Nampo Kaap 2022. "Ons vee-hoogtepunt vanjaar is die BKB Merino Classic '22. Dit is Merino SA se nasionale kampioenskap. Nagenoeg 400 van die land se top manlike en vroulike Merinorasskaap was vroeër reeds ingeskryf." Pierre Vlok van BKB sal as aankondiger vir die nasionale beoordeling optree.

Sitrus-, wingerd- en boordtoerusting

Boere wat fokus op ontwikkeling in die varsbemarkingsbedryf en wyn of tafeldruiwe kan uitsien na die bekendstelling van die jongste toerusting en implemente. Volgens mnr Aggenbach kry boere die geleentheid om hul behoeftes met verskaffers te deel en reëlings te tref vir pasgemaakte oplossings en doelgerigte plaasbesoeke.



Vertikale landbou

Die verbeterde hidroponika en akwaponika-eenheid bied 'n leergeleentheid wat beslis nie misgeloop moet word nie. Die Two Oceans Projects and Servicespan sal hier, onder leiding van dr Ian Goldie, alles deel oor vertikale boerderystelsels. Besoekers kan ook toerusting hiervoor aankoop.

Pamperlange vir die skoneres

Die Elim fynbos- en veldblomskou gaan tydens Nampo Kaap in die Shell-gebou plaasvind. Boonop bied die uitstalling van die Nedbank-bloemmerangskikking weer Marjolijn Malan se indrukwekkende werk met plaaslike blomme. In die Afgri-vroueprogram gaan dames van Woensdag tot Vrydag gratis in die dames-glaslokaal bederf word. Net langsaan, op die nuwe vlak van die auditorium, kan dames die nuwe Nampo Kaap-skoonheidsalon vir behandelings en massering besoek.

Kokkedoor Sonja de Beer gaan kosidees vir die lewenseisoen aanbied, saam met wynslim- en wynprosessies van Van Loveren se wynmaker, Ricus Summers. Die gewilde tenoor, Jannie Moolman, gaan geliefde Afrikaans-, Engels- en klassieke liedere sing en die Overbergse pretprater, Alsabé Aldrich van Hermanus, sal vroue laat skater.

Wiele, wiele en nog wiele

Met die lekkerte van 'n verbeterde Engen 4 x 4-baan kan besoekers onder toesig van Terrain Tamers en Inta 4 x 4 gaan kyk en as passasiers self ervaar hoe die nuutste 4 x 4-modelle teen mekaar opweeg. Besoekers kan uitsien na die beste verskeidenheid en pryse vir bakkies, motors, woonwaens en sleepwaens.

Stapvriendelike terrein

Volgens mnr Wessels is die terrein meer besoeker- en stapvriendelik. "Ons het die ongebruikte ruimte binne die bestaande parkgrense in 'n aantal nuwe uitstalvriendelike persele omskep."

Deur die ou perde-ring te verdeel is sowat die helfte daarvan as nuwe uitstalruimtes voorberei. Die ander helfte is steeds 'n perde-arena met 'n opgegradeerde pawiljoen vir toekomstige perde-



Landboumasjinerie van smal en sensitief tot groot en kragtig vir verskillende bedrywe word op die terrein uitgestal.

geleenthede. Wat binne-uitstallers betref het die ombouing van die park se perdestalle tot die nuwe BKB Veesenentrum, die omskepping van die Santam Auditorium in 'n tweeverdiepinggebou én die inrigting van die Shell-gebou vir die blommeskou, heelwat nuwe uitstalruimte moontlik gemaak."

Voel, vat...waardeer

Mnr Wessels sê bladskud met verskafers, medeboere, verbruikers en die verskeidenheid toerusting en implemente vir wintergraanproduksie maak van Nampo Kaap 'n noodsaaklike tentoonstelling vir dinamiese produsente wat mik na winsgewende en volhoubare boerdery.

"Produkte en pryse kan terselfder tyd vergelyk en onderhandel word, terwyl boere insetverskaffers in die oë kan kyk."

Bespreek nou en kuier en leer saam

Mnr Wessels sê daar sal vir elke besoeker iets wees wat nuut en lekker is om te sien, te leer, of om teen goeie Nampo Kaap-pryse op die plaas of by die huis te gaan geniet. Besoek www.nampo.co.za vir meer inligting.

Kaartjies is by www.ticketpros.co.za beskikbaar teen R80 per volwassene en R40 vir skoolgaande kinders. Kinders jonger as ses jaar kry gratis toegang. ♡

Tydens informele begeleide uitstappies by Sensako se demonstrasies kan produsente onder meer die jongste kultivars en verskillende plantdigthede sien en daaroor uitvra.



Sensako en Syngenta span kragte saam by Nampo Kaap

Demonstrasiepersele met koring, hawer, rog en voergars

Magda du Toit
NAMENS SENSAKO

Die Sensako-demonstrasieperseel by Nampo Kaap bied die ideale geleentheid om toegerus te word met inligting vir produksiebesluite. Produsente kan vanjaar na agt koring-, vyf hawer-, 'n rog- en twee voergarskultivars gaan kyk.

Nampo-besoekers word tydens 'n uitstappie na die demonstrasies begelei deur 'n kundige uit die Sensako-geledere, Wesel Germishuizen, wat inligting gee oor kultivarkeuses, gewasbestuursopsies en saadbesikbaarheid. Die akkerbouperseel se uitstalling fokus vanjaar op saad en gewasbeskerming met spesifieke fokus op swamdoders en groeireguleerders.

Die jongste vrystelling in die Sensako-stal, SST 0187, gaan ook in die demonstrasieperseel wees. Dié kultivar is in beperkte hoeveelhede vir die volgende seisoen beskikbaar. Ander koringkultivars wat besigtig kan word, is SST 0208, SST 0187, SST 0166, SST 0117, SST 0147, SST 0127, SST 087, SST 056 en SST 015. Al die kultivars is teen drie verskillende plantdigthede

geplant, naamlik ± 50 kg/ha, 75 kg/ha en 100 kg/ha.

Die hawerkultivars in die demonstrasieperseel is SSH 4185 (nuut), SSH 4186 (nuut), SSH 405, SSH 421 en SSH 491. Die rogkultivar, SSR 789, en voergarskultivars SSG 006V en KWS Irina is ook op die perseel geplant.

Syngenta se nuwe swammiddel Miravis® Neo is gebruik vir swam- en siektebeheer op die koring- en garskultivars, maar daar is ook 'n onbespuitte deel by elk van die onderskeie koringkultivars sodat die werking Miravis® Neo behoorlik waargeneem kan word. Swamdoders is toegedien op die plote om algemene kleingraan-swamsiektes te beheer, terwyl groeireguleerders gebruik is die kleingrane teen omval as gevolg van te veel water of wind te beskerm.

Die jongste inligting oor die reeks Sensako-kultivars is saamgevat in die Kultivargids vir die Winterreëngedied wat by Nampo beskikbaar is. Die Syngenta-span sien daarna uit om met kliënte te gesels by die stalletjie 47 in die BKB Saal of by die demonstrasieplote wat met die Sensako-kultivarborde aangedui word. 🐣



Eerstehandse inligting oor samesmelting se voordele

Samesmeltings in die sake- en landboubedryf is nie ongewoon nie en sowat twee jaar gelede het Sensako finaal deel geword van Syngenta. Gaan besoek hulle gerus by die Syngenta-uitstalling by Nampo Kaap om meer uit te vind oor die stand van sake en ook oor die voordele wat hierdie samesmelting vir produsente inhou.

Die Sensako-handelsmerk spog met meer as sestig jaar se teenwoordigheid in die Suid-Afrikaanse saadbedryf en is bekend vir die toonaangewende navorsing, teling, en saadproduksie wat oor jare gedoen is. Syngenta is een van die wêreld se voorste landboumaatskappye en word as die grootste gewasbeskermingsmaatskappy en derde grootste saadmaatskappy gereken.

Sensako was bekend daarvoor dat sy bewese genetika en soliede navorsingsplatforms altyd daarop gefokus was om graanprodusente en -verwerkers te bevoordeel. Syngenta is 'n vennoot met dieselfde waardes, maar bring globale ervaring, 'n wye kiemplasmabasis, tegnologie en kundigheid na die transaksie. Hierdie gekombineerde aanbod bring baie voordele vir die Suid-Afrikaanse boer.

Die kern van die voedselprodusent se sukses om mededingend te bly produseer, berus op goeie genetika, verbouingspraktyke en die klimaatstoestande. Die inset-koste-komponent kan afwaarts bestuur word deur goeie genetika in te span, saam met verbeterde verbouingspraktyke om so opbrengsmikpunte te bereik. Die regte kultivarkeuse bly 'n belangrike produksiebesluit en vorm die basis van produsente se winsgewendheid. ♣

Benewens Sensako se demonstrasiepersele het hulle saam met Syngenta ook 'n uitstalling in die BKB Saal, nommer 47, waar produsente se navrae beantwoord gaan word.



Koringsaad wat presteer in die wintergraan- streek

SYNGENTA staan aan die voorpunt van koringnavorsing in Suid-Afrika.

Ons SENSAGO-koringkultivars is jaar na jaar onder die toppresterders.

Stel jou pakket saam uit die volgende kultivars:

 **SSTO166**

 **SSTO127**

 **SSTO147**

 **SSTO117**

syngenta®


SENSAKO

 syngenta.co.za

  **SENSAKO**

Bethlehem +27 (0) 58 303 4690

Die realiteit van onkruiddoder se weerstand in gars

Gars (*Hordeum vulgare*) word in verskillende gebiede in Suid-Afrika aangeplant. Net soos koring, is gars ook deel van die grasfamilie. Die voorkoms van grasonkruid in gars kan dus uiters problematies wees. Daar is egter min onkruiddoders geregistreer vir die beheer van grasonkruid in hierdie gewas. Producente is gevolglik genoop om onkruiddoders, met dieselfde meganisme van werking, te gebruik in opeenvolgende seisoene. Dit is een van die oorsake van onkruiddoderweerstand in gars.

Hestia Nienaber

LNR-KLEINGRAAN, BETHLEHEM

Die voorkoms van onkruid in enige gewas het 'n negatiewe uitwerking op die opbrengs van daardie gewas. Die omvang van die verlies hang van verskeie faktore af. Een van hierdie faktore is watter onkruid in die gars voorkom. Volgens verslae in literatuur kan die teenwoordigheid van sommige

onkruid lei tot groter opbrengsverliese, sou dit vergelyk word met die teenwoordigheid van ander onkruid.

Voeg hierby die voorkoms van onkruiddoderweerstand en die afname in opbrengs kan vererger. Dit is egter belangrik om te onthou dat weerstand ook deur ander faktore veroorsaak en of versprei kan word.

Wanneer onkruiddoderweerstand in koring met gars vergelyk word, is dit duidelik dat dit meer onlangs in gars gerapporteer is en dat baie minder navorsing op hierdie onderwerp in Suid-Afrika gedoen is.

Navorsing

'n Navorsingsprojek is deur die LNR-Kleingraan geloods om die voorkoms van teiken-areaweerstand in raaigras en predikantsluis in garsaanplantings te identifiseer. Teiken-areaweerstand is een manier waarop 'n onkruid weerstand teen onkruiddoders kan ontwikkel. Die projek het gefokus op ACCase- en ALS-inhiberende onkruiddoders. Dit staan ook bekend as Groep A en Groep B onkruiddoders (HRAC tabel, CropLife SA).

Verskeie monsters is oor 'n tydperk van vier jaar geneem/ontvang en dan op DNS-vlak ontleed vir die voorkoms van teiken-areaweerstand. Die monsters is as saailinge/saad gekollekteer. Monsters wat as saad gekollekteer is, is ontkiem en sodra saailingstadium bereik is, is die groen materiaal geoes vir DNS-onttrekking.


'n Totaal van 106 raaigrasmonsters en 13 predikantsluismonsters is ontleed. Resultate word aangedui in **Figure 1** tot **4**.

Volgens Figuur 1 en 2 is dit duidelik dat heterosigotiese teiken-areaweerstand wel voorkom teen ACCase- en ALS-inhiberende onkruiddoders in raaigras en predikantsluis. 'n Groter hoeveelheid raaigrasmonsters is vir teiken-areaweerstand teen ACCase-inhiberende onkruiddoders getoets. 63 van 106 monsters (59%) het geen teiken-areaweerstand getoon nie, maar 41% het wel heterosigotiese weerstand teen ACCase onkruiddoders gewys. ACCase onkruiddoders sluit onder meer Dim, Fop en Den in. Volgens die data sal die monsters dan weerstand toon teen verskeie onkruiddoders van hierdie groepe.


Minder raaigrasmonsters is getoets vir weerstand teen ALS-inhiberende onkruiddoders. Agtien monsters is getoets, waarvan 14 (78%) heterosigotiese teiken-areaweerstand getoon het. Slegs vier monsters (22%) het sensitief getoets en die populasies waar hierdie monsters geneem is sal gevolglik nog effektief deur ALS-onkruiddoders beheer kan word. ALS-onkruiddoders sluit onder meer SU, Triazolopirimidien en Imidazolinone in.

Minder monsters van predikantsluis is getoets. Die resultate vir die ontleding word in Figuur 3 en 4 gerapporteer. Nege van





Figuur 1. Persentasie monsters wat heterosigotiese weerstand teen ACCase-inhiberende onkruidodders toon (raaigras).



Figuur 2. Persentasie monsters wat heterosigotiese weerstand teen ALS-inhiberende onkruidodders toon (raaigras).

die 13 monsters het sensitief getoets en slegs vier monsters het heterosigotiese teiken-areaweerstand teen ACCase-inhiberende onkruidodders getoon. Drie van die monsters het heterosigotiese teiken-areaweerstand teen ALS-inhiberende onkruidodders getoon. Die meerderheid van die monsters het egter sensitief getoets vir hierdie spesifieke soort weerstand. Dit is egter belangrik om te onthou dat indien monsters sensitief toets, dit dalk weerstand kan hê teen onkruidodders met verskillende meganismes van werking.


Samevatting

Die projek se data dui duidelik aan dat teiken-areaweerstand wel in verskillende onkruid in gars voorkom. Hoewel die weerstand meer geredelik in raaigras voorkom, kom dit ook in predikantsluis voor. Dit is gevolglik belangrik om hierdie onkruid in ag te neem wanneer die spuitseisoen se beplanning gedoen word.


Die beste aanbeveling bly egter steeds om onkruidodders met verskillende meganismes van werking af te



Predikantsluis



Figuur 3. Persentasie monsters wat heterosigotiese weerstand teen ACCase-inhiberende onkruidodders toon (predikantsluis).



Figuur 4. Persentasie monsters wat heterosigotiese weerstand teen ALS-inhiberende onkruidodders toon (predikantsluis).

wissel en om gewasrotasie toe te pas sodat die produsent verskillende chemikalieë/alternatiewe beheer kan gebruik. Geïntegreerde beheermaatreëls bly die beste manier moontlik om weer-

stand te voorkom of te beheer.

Vir meer inligting rakende hierdie onderwerp of ander onkruidverwante sake, kontak Hestia Nienaber by 058 307 3420 of deweth@arc.agric.za.



Kalibreer spuite só vir die spuitseisoen

Om 'n spuit te kalibreer mag dalk ingewikkeld klink, maar met die regte riglyne en 'n sakrekenaar is dit nie so moeilik nie. Volgens die definisie is kalibrasie die proses van meting en aanpassing aan die lewering van die spuit om te verseker dat die voorgeskrewe hoeveelheid spuitstof/chemikalieë eweredig volgens die voorskrifte van die betrokke produk toegedien word.

Hestia Nienaber

LNR-KLEINGRAAN, BETHLEHEM

Dit is belangrik om 'n spuit te gebruik wat goed gekalibreer is, want dit voorkom vermorsing van chemikalieë, gewasskade en potensiële skade aan die omgewing. Dit voorkom/vertraag gevolglik ook indirek die ontstaan en of verhoging van weerstand.

Die ideaal is dat spuittoerusting gekalibreer moet word aan die begin van elke groeiseisoen en gereeld gedurende die seisoen gekontroleer moet word om te verseker dat die spuittoerusting nie doeltreffendheid inboet nie. Indien die spuit deurlopend in gebruik is, is dit raadsaam om die spuit minstens twee keer per week te kontroleer.

Kontroles word uitgevoer deur die meting van die volume van een van die spuitpunte (oor dieselfde periode as wat dit oor 100 m sal vat) en dit moet dieselfde wees as die oorspronklik kalibrasie-meting. In die geval van 'n afwyking moet die lewering van al die spuitpunte weer gemeet word en die spuittoerusting oor gekalibreer word.

Spuittoerusting in die regte toestand

- Verwyder die spuitpunte, skerms en inlyn-siwwe en maak dit met 'n sagte borsel in seepwater skoon. Vermy eerder harde borsels omdat dit die toerusting mag beskadig.
- Spoel die spuittenk deeglik met skoon water en vul gedeeltelik met water. Sorg dat die spuittenk nie naby waterbronne uitgewas word nie.

- Skakel die spuittoerusting aan en spoel die pype en die spuitbalk met genoeg skoon water.
- Skakel die spuittoerusting af en plaas die spuitpunte terug op die spuitbalk. Al die spuitpunte moet dieselfde grootte en soort wees.
- Raadpleeg die vervaardigers van die spuitpunte se katalogus om vas te stel watter hoogte sal die verlangde spuit-oorvleueling of bandwydte verskaf.
- Skakel weer die spuittoerusting aan, stel die druk van die spuittoerusting vir veldtoediening en inspekteer die spuitpunte vir 'n doeltreffende spuitpatroon. Vervang enige spuitpunt met 'n ongewone spuitpatroon. Maak dan seker dat die spuitpatroon eweredig is.

Die proses van kalibrasie

Meet 'n strook van 100 m op die pad (in die land) uit. Gebruik die trekker en spuittoerusting waarmee die bespuiting gaan plaasvind en ry die afstand van 100 m. Trekker rytyd x aantal sekondes oor 100 m. Byvoorbeeld: 100 s aan 100 m.

Die spuitpunte lewer 1 ℓ in 100 sekondes (bepaal dit deur die hoeveelheid water wat een spuitpunt lewer in 100 sekondes in 'n beker op te vang).

Die spuitbalk vir die voorbeeld is 7 meter lank.

Lewering per 100 meter

$$\begin{aligned}
 &= \text{aantal spuitpunte} \times \text{lewering per spuitpunt} \\
 &= 14 \times 1 \ell \\
 &= 14 \ell \text{ water}
 \end{aligned}$$

NA BLADSY 25

Swak waterkwaliteit kan produsente duur te staan kom

Sout-antagonisme

Die water waarmee produkte vir gewasbeskerming gemeng word kan as nog 'n bestanddeel van die spuitmengsel beskou word. Daar is egter aspekte van water wat gewasbeskermingsprodukte kan benadeel. In hierdie eerste van vier artikels word een van water se aspekte, naamlik katione, in meer besonderhede bespreek.

Brian de Villiers
MEDEWERKER

Gewasbeskermingsprodukte (GBP) word met water gemeng om dit egalig oor 'n sekere oppervlakte toe te dien. Sommige produkte is wateroplosbaar, waar ander weer suspensies of emulsies is. Die uiteindelige doel is egter om dit met water te meng. Dikwels word aangeneem dat water net die mengmedium is en dat dit geen invloed op die GBP sal hê nie. Die teendeel is egter waar - water kan GBP se doeltreffendheid ernstig benadeel.

Water is die oorgrote deel van die spuitoplossing en kan dikwels meer as 90% van die spuitmengsel wees. Water kan gevolglik as nog 'n bestanddeel in die spuitmengsel beskou word. Vier aspekte van water kan GBP nadelig beïnvloed. Dit sluit (1) katione, (2) die pH, (3) bufferkapasiteit en (4) fisiese eien-

skappe van water in.

Die nadelige effek van opgeloste katione

Opgeloste katione soos kalsium, magnesium, natrium en kalium, kom natuurlik in alle waterbronne voor. Water wat hoë vlakke kalsium en magnesium bevat, word harde water genoem en water wat hoë vlakke natrium bevat, staan as brak water bekend. Althoe hierdie soorte water kom redelik algemeen in verskeie kleingraanproducerende streke voor. Die Wes-Kaap is veral bekend vir besondere brak boorgatwater, terwyl kalsium en magnesium weer in ander dele van Suid-Afrika oorheers. Dit maak egter nie saak watter van hierdie katione voorkom nie, want dieselfde beginsel is op almal van toepassing.

Al vier die katione (kalsium, magnesium, natrium en kalium) het 'n nadelige uitwerking op onkruidodders soos

glifosaat, glufosinaat, kletodim, sekere sulfonielureums en sekere fenoksies. Die reaksie tussen die katione en die onkruidodder gebeur waarskynlik nie in die spuittenk nie, maar soos die spuitdruppel op die blaar uitdroog. Die katione bind aan die onkruidodder en vorm 'n swak opneembare verbinding. Onder die mikroskoop het hierdie verbinding 'n korsagtige voorkoms wat verduidelik waarom dit so swak opneembaar is. Dit lei dan tot onaanvaarbare onkruidbeheer en tot 'n groot kans dat herbespuiting gedoen moet word.

Swaarmetale soos yster is ook besonder antagonisties, maar dit kom nie algemeen voor nie. Die nadelige invloed van al hierdie katione word deur swak omgewingstoestande, soos lae humiditeit, vererger. Die rede hiervoor is waarskynlik die vertraagde opname, wat die onkruidodder op die blaar blootstel.

NA BLADSY 26

Kalibreer spuite só vir die spuitseisoen

VAN BLADSY 24

Bereken die spuitvolume in liter per algehele hektaar:

$$\begin{aligned} \text{Spuitvolume} &= \frac{10\,000 \times \text{totale spuitvolume opgevang (}\ell\text{)}}{\text{Afstand deur trekker afgelê (m)} \times \text{totale spuitwydte (m)}} \\ &= \frac{10\,000 \times 14 \ell}{100 \times 7 \text{ m}} \\ &= 200 \ell/\text{ha} \end{aligned}$$

Bereken die hoeveelheid middel wat in die spuittenk gevoeg moet word:

Hoeveelheid middel

$$\begin{aligned} &= \frac{\text{Inhoud van spuittenk (}\ell\text{)}}{\text{Gekalibreerde spuitvolume (}\ell\text{)}} \times \frac{\text{Onkruidodderdosis (algeheel)}}{1} \\ &= \frac{600 \ell}{200 \ell} \times \frac{2,5 \ell/\text{ha}^*}{1} \\ &= 7,5 \ell \end{aligned}$$

*aanbevole dosis volgens die etiket

Daar moet dus 7,5 ℓ van die verlangde spuitmiddel/chemikalieë in die spuittenk gevoeg word.

Samevatting

Indien al bogenoemde faktore in ag geneem is gedurende die kalibrasieproses, die nodige korrekte berekenings gedoen is en daar van die regte toerusting gebruik gemaak word, behoort die kalibrasie van die spuitpunte korrek bereken te kan word. Die korrekte toediening van die spuitmiddel/chemikalieë sal nie net suksesvol wees nie, maar ook bydra tot 'n suksesvolle oes.

Kontak gerus vir Hestia Nienaber by 058 307 3420 of deweth@arc.agric.za vir inligting. ♻️

Swak waterkwaliteit kan produsente duur te staan kom

VAN BLADSY 25

Dit is baie belangrik dat produsente 'n deeglik kennis van waterkwaliteit op hulle plase het. Waterontledings is die doeltreffendste manier om kationvlakke te bepaal en die problematiese waterbronne te vermy. Waterontledings behoort minstens kalsium, magnesium, natrium en kalium in te sluit.

Indien 'n volledige waterontleding onmoontlik is, kan 'n eenvoudige lesing van elektriese geleidingsvermoë (EG) reeds baie inligting verskaf. EG sal nie die soort katione aandui nie, maar wel wat die totale vlak van katione is. Indien 'n EG-lesing hoog is, sal dit byvoorbeeld aandui dat minstens een van die vier hoof antagonistiese katione teen 'n hoë vlak teenwoordig is.

Byvoegmiddels

Gelukkig is daar 'n baie doeltreffende oplossing vir kation-antagonisme. Soutbyvoegmiddels is produkte wat antagonistiese katione onskadelik stel en die onkruidodder se doeltreffendheid herstel. Hierdie byvoegmiddels is vrylik in Suid-Afrika beskikbaar.

Die doeltreffendste soutbyvoegmiddel vir hierdie probleem is spuitgraad-ammoniumsulfaat, wat reeds dekades lank wêreldwyd met groot sukses gebruik word. Dit is in beide vloeibare en droë formulerings beskikbaar en die dosis word gewoonlik deur die waterkwaliteit bepaal. Dit is baie belangrik om 'n byvoegmiddel van hoë kwaliteit te gebruik. Verder moet dit 'n L-nummer hê, wat beteken dat dit volgens Wet 36 van 1947 as byvoegmiddel geregistreer is. Die L-nummer beteken verder dat die byvoegmiddel se werking deur relevante proewe en standaarde gestaaf kan word.

Produkte wat enige nommer behalwe 'n L-nummer het, is nie as byvoegmiddels geregistreer nie en moet onder geen omstandighede vir hierdie doel gebruik word nie. Kunsmis moet nooit as 'n byvoegmiddel gebruik word nie. Eerstens is dit 'n ongeregisteerde praktyk en tweedens mag die kwaliteit dalk nie geskik wees om as byvoegmiddel gebruik te word nie.

Spuitgraad-ammoniumsulfaat se werk begin terwyl die spuitdruppeltjie op die blaar uitdroog. Die sulfaat-ioon bind aan die antagonistiese kation, voordat die

kation aan die onkruidodder kan bind. Hierdie kation-sulfaatkompleks droog dan op die blaar uit en speel geen verdere nadelige rol nie (**Foto 1 & 2**).

Die proses gaan egter voort waar die ammonium-ioon die opnameproses bevorder. Die ammonium-ioon se werk is nie net tot swak water beperk nie, dit bevoordeel die opname met verskeie waterbronne. Daarom is dit belangrik om spuitgraad-ammoniumsulfaat byvoegmiddels as 'n standaard praktyk te gebruik indien die onkruidodder se etiket dit aanbeveel.

Ammoniumsulfaat het egter ook 'n ander belangrike voordeel. Glifosaat word dikwels in mengsels met fenoksie-onkruidodders soos 2,4-D amien en MCPA toegedien. Hoewel dit baie doeltreffende mengsels is, word 'n deel van die glifosaat se werking verloor as gevolg van antagonisme van die fenoksie-onkruidodder.

Die rede vir hierdie antagonisme is soortgelyk as vir die antagonisme van katione. Ammoniumsulfaat kan in hierdie geval gebruik word om die antagonisme te voorkom. Die volle werking van beide die glifosaat en die fenoksie is gevolglik moontlik indien hierdie mengsels met ammoniumsulfaat toegedien word. Wees egter versigtig vir ammoniumsulfaat-byvoegmiddels wat ook die spuitmengsel drasties versuur. Fenoksies is minder oplosbaar teen 'n lae pH en kan in die spuitoplossing begin presipiteer. Dit kan dan jellie-agtige spuitoplossings veroorsaak wat lei tot verstopte siwwe en spuitpunte (**Foto 3**). Hierdie onmengbaarheid word vererger




Foto 1. Glifosaat-druppel (harde water).




Foto 2. Glifosaat-spuitdruppel (harde water) + ammoniumsulfaat.

indien die mengsels in lae volumes en met koue water toegedien word.

Samevatting

Antagonistiese katione wat in harde en brak water teenwoordig is, kan 'n baie nadelige uitwerking op onkruidbeheer hê. Dit is belangrik om 'n spuitgraad-ammoniumsulfaat byvoegmiddel van uitstekende kwaliteit te gebruik om hierdie probleem te vermy. Die standaard gebruik van ammoniumsulfaat sal ook die antagonisme van sekere tenk-mengsel onkruidodders verhoed sodat maksimale beheer verkry kan word. Katione in water is 'n groot probleem, maar met die korrekte aanwending van byvoegmiddels sal dit nie die onkruidbeheer verlaag nie.

Kontak gerus vir Brian de Villiers (082 880 0974) vir meer inligting oor waterkwaliteit en byvoegmiddels. ♻️



Foto 3. Glifosaat + MCPA spuitmengsels. By die twee bekere aan die regterkant sak die mengsel uit as gevolg van 'n lae pH.

Seed industry's role to combat desertification

On the African continent the challenge is not only to increase food production, but also to ensure the sensible use of resources with the view to sustainable production.

Focusing on the World Day to combat desertification and drought, Dr Lukeshi Chetty, General Manager, South African National Seed Organisation (SANSOR), reiterated in a statement that arable land was vital in Africa and needed to be protected and restored.

"It is critical that we should be aware that the decisions we make regarding food production will impact our natural resources. Without arable land, food production would be impossible. Soils is a key asset to farmers and together with vegetation, help to store carbon that would otherwise be emitted into the atmosphere and contribute to climate change."

The UN Food and Agriculture Organization (FAO) estimates that by 2030 Africa will have lost two-thirds of its arable land if it is not stopped.

"Desertification is caused primarily by human activities and climatic variations and is a process that destroys fertile land and can be caused by drought, overpopulation, over-farming, deforestation and climate change," Dr Chetty pointed out. "The effects of desertification can be seen in many parts of the world, but especially in Africa where factors such as poverty, political instability and wars, overgrazing, unsuitable cultivation practices with water and soil erosion, and deforestation have impacted negatively on the productivity of the land," she added.

Drought is one of the major natural causes of desertification in dryland areas and are also frequent in these areas. Drought is normally considered as a consequence of natural reduction in the amount of precipitation received over a period time.

"The difference is that well-managed lands can recover from drought when the rains return. Continued misuse of land, the degradation of soil and erosion, however, causes desertification," she explained.

Strategies to reduce desertification

"The agricultural sector, and in particular, the seed industry, has untapped potential that can address many of the environmental challenges faced by society and delay the onset of desertification. In some cases, we can also play a major role in

reversing degradation by engaging in sustainable agriculture," Dr Chetty said.

"More efficient use of resources and modern technologies, improved seed and cropping systems and better forest management, may greatly support farmers to withstand droughts, floods and other challenges."

Sustainable agricultural practices can maintain and improve soil fertility and protect the environment. The contributions of the seed industry towards sustainable agricultural will have a major impact on food production.

"As the seed industry we recognise that food systems should be equitable, inclusive and environmentally friendly, but we also acknowledge that we are faced with an enormous challenge to produce sufficient, safe and nutritious food. The seed sector is a critical partner in the food value chain. Seed forms the foundation of food production and is a vital starting point for crop production. Without quality seed there will be no harvest. Quality seed is, however, not only needed for food production, but also for land restoration, rehabilitation, reclamation and conservation," Dr Chetty pointed out.

"Improved varieties and quality seed can improve water and land use efficiency and boost farmers' yields. The seed industry aim to provide all farmers with diverse, well-adapted high-quality seed and to provide information and technical support to increase yields under local conditions," she added.

She pointed out that by developing new varieties and by using new novel breeding techniques, the seed sector is playing an important role in sustainable agricultural practices.

"Very often simple and innovative practices can be used to adapt to adverse climatic conditions and mitigate the effects of droughts. These sustainable practices combined with modern technologies can protect our continent against land degradation, drought and desertification. We are fortunate that we have the tools and technologies to support food production and help to slow down or reverse land degradation and desertification and promote sustainable food production - if we allow science-based policies, regulations and policies to guide us," she concluded. ♡

MARKET INFORMATION ON WHEAT

Sanet Naudé

SA GRAIN INFORMATION SERVICES NPC

Supply and demand (Fig. 1)

Progressive wheat deliveries for the 2021/22 marketing year were 2 230 495 ton on 22 July 2022. This is close to the final estimated 2 285 000 ton by the Crop Estimates Committee.

Wheat deliveries for this season is the highest since the 2002/03 marketing season that were 2,38 million ton.

A total of 2 554 149 ton wheat were processed until 30 June 2022. This total includes withdrawal by producers, released to end-consumers and seed.

Stock levels

SAGIS' closing stock on 30 June was 1 179 164 ton. The Supply and Demand Estimates Committee estimated that the closing stock at the end of the season will be 554 304 ton.

Imports and exports

Figure 2 and 3 shows the countries from where whole wheat were imported and exported to.

BARLEY, OATS AND CANOLA

International and local supply and demand with regard to barley, oats and canola is summarized in Table 1.

Sources: SAGIS, USDA, CEC, S&DEC

Table 1. Barley, oats and canola supply and demand.

Marketing year Oct - Sep	International			RSA (SAGIS)		
	Estimates 2022/23			Progressive 2021/22 Oct 2021 - May 2022		
	Barley Mil ton	Oats Mil ton	Canola Mil ton	Barley '000 t	Oats '000 t	Canola '000 t
Crop estimates				334,0	59,0	198,1
Opening stock	16,8	2,4	4,6	335,6	34,2	17,3
Producer deliveries	145,5	24,9	80,2	332,6	62,4	197,9
Imports	29,1	2,7	16,4	0,0	0,0	0,0
Processed ^{a)}	145,4	24,6	78,3	332,3	58,0	114,5
Exports ^{b)}	29,7	2,8	17,0	21,8	0,1	32,3
Ending stock	16,4	2,6	5,9	314,9	39,2	69,5

(a) Including producer withdrawal, end-consumers and seed

(b) Including whole grain and products

Source: SAGIS, USDA




Figure 1. Supply, demand and stock as at 30 June 2022.




Figure 2. RSA wheat imports 1 Oct 2021 - 22 July 2022.




Figure 3. Whole grain exports 1 Oct 2021 - 22 July 2022.

SÓVEEL PRODUKTE UIT KORING VERVAARDIG

Sanet Naudé
SA GRAANINLICHTINGSDIENS

Koringmeel (2021/22-bemakingseisoen)


- Van 1 Oktober 2021 tot 30 Junie 2022 is 2,52 miljoen ton koring vir menslike verbruik vervaardig.
- 22 970 ton koringprodukte is ingevoer en 14 266 ton uitgevoer.
- **Tabel 1** toon die gemiddelde oor 'n tydperk van drie en vyf jaar (vorige volledige bemakingsjare) vir produkte vervaardig, ingevoer en uitgevoer.

Panbrood

- Vir die tydperk van nege maande is 'n totaal van 1,80 miljard panbrode gebak wat 1,64% meer is as in dieselfde tyd verlede jaar.
- "Ander" panbrode (brode wat onder 'n ander gewig val) het met 7,52% afgeneem teenoor dieselfde tyd verlede jaar. Dit kan ook toegeskryf word daaraan dat ander soorte brode wat in die verlede foutiewelik gerapporteer is, byvoorbeeld rye, nie meer gerapporteer word nie.
- **Figuur 1** toon die totale getal soorte brode progressief vervaardig van Oktober tot Junie 2015/16 tot 2021/22.
- Volgens Statistieke SA se inligting van Junie 2022 het 'n witbrood van 700 g 14,24% meer gekos as Junie 2021, terwyl 'n bruinbrood van 700 g 15,89% duurder is as 'n jaar gelede.
- Koekmeel (2,5 kg) kos 26,47% meer as Junie

Tabel 1. Gemiddelde van koringprodukte vervaardig, ingevoer en uitgevoer.

Okt - Sep	Gemiddeld vervaardig	Gemiddeld ingevoer	Gemiddeld uitgevoer
	Ton		
3 jaar	3 373 243	30 979	22 675
5 jaar	3 310 994	23 490	21 363



Figuur 1. Pangebakte brode, vergelykende progressief Oktober tot Junie (eenhede).

verlede jaar terwyl broodmeel (2,5 kg) se koste op 'n jaargrondslag met 15,56% toegeneem het.

Meer inligting is op SAGIS se webtuiste beskikbaar by die skakel www.sagis.org.za/products.

Agbiz leadership re-elected unanimously

At the Agbiz annual general meeting that was held at the Agbiz Congress 2022 at Sun City in North West recently, the Agbiz leadership team was re-elected unanimously. Francois Strydom of Senwes will lead the leadership corps as chairperson for another term. Sean Walsh of Kaap Agri was re-elected as first deputy chairperson and Dr Langa Simela of Absa as second deputy chairperson. The following members were elected to represent Agbiz basic members in the Agbiz Council: Piet Smit of Komati Group, André Uys of Acorn Agri, Johann Kotzé of SAPPO, Francois Swanepoel of SSK and Louw van Reenen of Beefmaster.

Koos J. van Rensburg tree uit by VKB

Na 'n loopbaan van 15 jaar by VKB tree Koos Janse van Rensburg op 30 September 2022 as besturende direkteur af. Volgens 'n verklaring deur VKB het hy 'n merkwaardige bydrae gelewer tot VKB se dinamiese groei en vooruitgang. Die VKB Groep het gedurende hierdie tydperk gegroei van 'n koöperasie tot 'n suksesvolle, uitgebreide groep van 33 entiteite met gediversifiseerde belange in die landbouwaardeketting. Sy opvolger is dr PG Strauss, besturende direkteur van VKB Landbou, wat in Augustus 2021 by die VKB Groep aangesluit het.

Crawford von Abo †

Crawford van Abo (90) van Bothaville, voormalige voorsitter van die Koringraad en eerste hoofbestuurder van die produsente-organisasie SAMPI, is 25 Junie 2022 oorlede. Hy was ook 'n voorsitter van die destydse Mielieraad en het uitgebreide boerderybelange en beleggings in Zimbabwe gehad wat hy weens onteiening verloor het. Hy word oorleef deur sy vrou Bibi, dogter Dorette en skoonseun Ernst Penzhorn en skoonogter Wilma von Abo, eggenoot van sy seun Pieter wat in 2020 oorlede is.

SAGIS ANNUAL GENERAL MEETING

Founding member replaced, excellent service at low cost

Mariana Purnell
CONTRIBUTOR

Since its inception in 1997, the South African Grain Information Service (SAGIS) has grown by leaps and bounds in its offerings to the grain and oilseeds industry. When the Marketing of Agricultural Products Act of 1996 brought an end to single channel marketing and the control boards, SAGIS was established to provide reliable and accurate aggregated whole grain and oilseeds information. It is also the custodian of historical information (SAGIS and non-SAGIS) of which some dates back as far as 1936.

At the 2022 annual general meeting, SAGIS Chairman Dr Erhard Briedenhann outlined the challenges and changes that have affected the work of SAGIS and its 24 full-time employees.

On 28 February 2022, SAGIS bid farewell to Nico Hawkins who retired as General Manager. He is succeeded by Bernard Schultz, the former Head of Information. The latter position is now filled by Mrs Neo Masango.

The Winter Cereal Trust (WCT) resigned as one of the four founding member of SAGIS. Its place was immediately filled by the SA Winter Cereal Industry Trust (SAWCIT), which joins the other founding members, namely The Maize Trust, Oil and Protein Seed Development Trust and The Sorghum Trust. SAWCIT is funded by voluntary levies paid on locally produced and imported winter cereals.

SAGIS received an unqualified audit report for the 2021/22 financial year. A net amount of R16 315 895 was approved by the members for the 2021/22 financial year. The cost of SAGIS'

information services, including inspection functions such as stocktaking, audits, new registrations and cancellations, is 71c per ton. The four members subscribe to the services offered by SAGIS to varying degrees (Table 1).

SAGIS currently processes thousands of monthly returns regarding whole grain and oilseeds from more than 600 co-workers, such as storage operators, harbour silos, processors and traders, to provide facts and figures that inform the activities of primary producers, traders, processors and policy makers. Information about maize, oilseeds and wheaten products is provided by more than 1 000 co-workers. According to the SAGIS Statutory Measures, co-workers are compelled to submit their returns before or on the 10th of each month.

National as well as international organisations are regular visitors to the SAGIS website. This past year, users from 175 countries have sourced data from the SAGIS website.

Information about the deliveries of maize, wheat, sunflower seeds and soybeans, the imports and exports of maize and wheat, and the intentions to import and export maize is released on a weekly basis. Import tariffs on maize and wheat as well as parity prices are also made available weekly. Data is aggregated monthly for local producer deliveries, imports, exports, utilisation and grain transport as well as the manufacture, import and export of products of maize, wheat and oilseeds.

In addition to their own data, the SAGIS website also provides non-SAGIS information regarding the monthly Crop Estimates and Supply & Demand Estimates, IGC Freight Indices, BFAP Information, import and export information for various tariff lines (South African Revenue Service), average food prices for various product lines (Statistics SA), economic indicators and historical price information.

Dr Briedenhann expressed his and the Board of Directors' appreciation to the management and personnel for their contributions during the past year.

"During the past financial year, personnel continued to work mainly from home. It is thus with much appreciation to management and every member of the SAGIS team for doing a sterling job during difficult circumstances. Costs have been kept low while at the same time ensuring we continue to render a service of excellence towards the various industries," Dr Briedenhann said. ♡

Table 1. Subscription for SAGIS' services for the 2021/22 financial year.

Member	Member subscription		
	Whole grain & Oilseeds	Weekly	Products
The Maize Trust	66,20%	61,16%	16,69%
Winter Cereal Trust	15,80%	15,99%	75,90%
Oil and Protein Seed Development Trust	13,50%	22,85%	7,41%
The Sorghum Trust	4,50%	-	-

2022/23 SAGIS Board

Oil & Protein Seeds Development Trust	The Maize Trust	The Sorghum Trust	SA Winter Cereal Industry Trust
Dr Erhard Briedenhann Chairperson	Chris Schoonwinkel Vice-Chairperson	Willem Groothof Director	Wessel Lemmer Director
De Wet Boshoff Director	Zovoyo Ngejane Director	Happy Mohane Director	Craig Binnion Director
Ralf Küsel Alternate Director	Derek Mathews Alternate Director	Dawid Beets Alternate Director	Dr Pieter Taljaard Alternate Director



sakura[®]

Sustainable wheat production due to an alternative mode of action

Sakura[®] is a residual, pre-emergent herbicide for the control of annual grasses in wheat.

- // Controls a wide spectrum of grass weeds
- // Provides a yield benefit
- // Adaptable to different cultivation practices
- // Increased harvest-ability
- // Drastic reduction of the weed seed bank

Sakura[®] Reg. No. L9082 (Act No. 36 of 1947). Sakura[®] contains Pyroxasulfone (Harmful).
Sakura[®] is a registered trademark of Bayer AG, Germany. Use strictly according to instructions on label.

Facebook: Bayer Crop Science Division Southern Africa Twitter: @bayer4cropssa

Bayer (Pty) Ltd. Reg. No. 1968/011192/07 27 Wrench Rd, Isando, 1601. PO Box 143, Isando, 1600 Tel: +27 11 921 5002

www.cropscience.bayer.co.za // // // www.bayer.co.za

is jou saad in die wieg gelê vir hoër opbrengs?

Hier is 3 redes om jou graan met CELEST® Top te behandel.

-  **Stuur Fusarium planke toe:** CELEST® Top beheer die versteekte gevare van saad- en grondgedraagde Fusarium wat onegalige stand kan veroorsaak.
-  **Omvattende beskerming:** 'n enkele CELEST® Top saadbehandeling beheer 'n wye spektrum insekplae en swamsiektes tydens ontkieming.
-  **'n Hupstoot vir groeikragtigheid:** aangevuur deur CRUISER® tegnologie, verbeter tiametoksam in CELEST® Top die groeikrag van saailinge.*



*onder ideale landbouproduksietoestande.

LEES DIE ETIKET VIR VOLLE BESONDERHEDE.

CELEST® Top bevat tiametoksam, difenokonazol en fludioksaniil (Reg. nr. L10418, Wet nr. 36 van 1947) VERSIGTIG.

CRUISER® bevat tiametoksam 350g/l (Reg. nr. L6286, Wet nr. 36 van 1947) VERSIGTIG.

CELEST® Top en CRUISER® is geregistreerde handelsmerke van 'n Syngenta Groepmaatskappy.

Syngenta Suid-Afrika (Edms) Bepoek, Privaatsak X60, Halfway House, 1685. Tel. (011) 541 4000. www.syngenta.co.za
© Syngenta Nv 2000. Kopiereg op hierdie dokument word voorbehou. Alle ongemagtigde reproduksie word verbied.

   @Syngenta SA | www.syngenta.co.za